'N KLEIN VOERKRAAL EIENAAR SE POSITIEWE ONDERVINDING MET DIE NGUNI

AGTERGROND

Nguni tipe speenkalwers is aankekoop van mnr. Bertie Aucamp. Die moeders van die kalwers was eerste kalf Bonsmara verse by 'n Ngunibul wat hy tans in sy stoet gebruik. Die kalwers was dus 75% Nguni. Die kalwers is gebore gedurende Januarie 2007 en is gespeen op 12 Julie 2007 met 'n speengewig van 193,18 kg.



PRESTASIE VAN DIE OSSIES

Op 16 Julie 2007 het die speenkalwers by die voerkraal gearriveer met 'n gemiddelde gewig van 175,55 kg, dus 'n gewigsverlies van 17,63 kg per kalf as gevolg van speenskok, vervoer en hantering. Dit kom neer op 'n gewigsverlies van 9.1%. die kalwers is vir 'n periode van 152 dae gevoer en op 14 Desember 2007 was hulle gemiddelde gewig 419 kg en is hulle na die slagpale geneem en eers op 18 Desember 2007 geslag.

Gedurende hierdie tyd in die voerkraal vreet hulle 1 475,11 kg voer met 'n inname van 9,7 kg per os per dag. Die gemiddelde gewigstoename was 243,44 kg. Dus het die osse gemiddeld teen 1,6 kg per dag gegroei. Die voeromset was 6,01, wat beteken die osse het gemiddeld 6,01 kg voer nodig gehad om 1 kg gewig aan te sit.



Op 18 Desember 2007 word die ossies geslag met die volgende resultate:

- Warm karkas gewig van 251,4 kg
- Koue karkas gewig van 243,8 kg
- Uitslag persentasie bereken op koue karkas gewig van 58,2%.
- Dit vergelyk goed met die uitslag persentasie van 57 58 % wat deur kommersiële voerkrale behaal word.



'n Ekonomiese ontleding word in die onderstaand table aangetoon.

Beskrywing	**R**
Aankoop prys @ R12-00 per kg	2 270-23
Koste van voer gevreet oor 152 dae	2 091-71
Totale koste van aankoop en voer	**4 361-94**
Slagprys @ R22-20 per kg x 243,8 kg	5 412-36
Minus Koste van aankoop en voer	4 361-94
Wins (Arbeid en infrastruktuur uitgesluit)	**1 050-42**